

# Genesing

## 2.

Hierdie traktaat is 'n opvolger van die traktaat: "Genesing onder die heidene" Ek het gevoel dat 'genesing' meer geopen moet word sodat daar 'n werklik manifestasie uit YAHUSHA se woorde na vore kan kom, 'toe Hy gevra het': "Wil jy gesond word" Joh. 5:6.

In kort 'n samevatting van die vorige traktaat rondom die scenario.

(1) Is daar genesing in die uitgespreekte name en Name oor die sieke (2) Het towery die voortou geneem oor 'n tydelike genesing (3) Is genesing 'n wonderwerk of 'n teken waarvan YAHUSHA genoem het dat Hy dit nie gaan gee bo en behalwe die teken van Jona nie (4) Word ons op die stadium van Ha satan spel getoets en beproef om te kyk of ons standvastig is (5) Gebruik ons as die uitverkore wel die regte Name (6) Met die versoek tot genesing kyk VADER of ons Ha satan bedank of ons sal bly by YAHUSHA se liefde (7) VADER kyk tog wat vir ons die beste is waar HY baie geld en 'n gesonde lewe kan voorsien of min geld en ongesond weens dat die pad na HOM verseker kan wees (8) VADER weet dat baie geld jou blind maak en 'n gesonde liggaam jou laat trots voel en dat baie geld jou ander oor die hoof laat sien. So weet HY ook dat die teenoorgestelde die begeerte het na die ewige lewe en moeg is vir die aardse lekker / sleg. Dit is dus 'n leerproses vir ons as aanskouers terwyl Ha satan met wellus (*en groot bekommernis*) met ons lewens 'n spel speel.

Ek begin met die woorde van bo waar YAHUSHA vra: "Wil jy gesond word"; Direk word daar gevra: "Wil jy" Dus erken YAHUSHA dat die mens 'n "wil" het (*ontvang*) in die volgende verse:

*Matt. 15:28 Toe antwoord J<sup>\*sus</sup> YAHUSHA en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. Matt. 19:17 En Hy sê vir hom: .. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië. Matt. 19:21 J<sup>\*sus</sup> YAHUSHA antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My. Mark. 10:51 En J<sup>\*sus</sup> YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien Luk. 18:41; Joh. 5:6. Joh. 3:8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. Jak. 2:20 Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Open. 2:3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*

Ek gaan voort en raak net vinnig aan siektes wat die mens aanval / pla en waarvan die sieke gewoonlik self begin genees of oorgaan tot andere (*dokter*) om hom te help om uit die situasie te kom.

Soos ons weet is die mees algemene siekte verkoue en griep wat self-genesend is, en waarvan daar baie soorte geneesmiddelle op die mark is vir die soort siekte. As daardie siekte oorgaan in griep of brongitis dan gaan die mens na die dokter vir sterker genesing / geneesmiddelle. As die dokter nie kan help nie verwys hy jou nou na 'n spesialis om die siek in diepte te kan genees. Na die spesialis se “toormiddels” wat jou nie gehelp het nie gee hy jou oor aan tyd “Jy het nog 'n maand of twee dan sal die dood jou kom haal”. Wat kroniese siektes soos Diabetes, Skildklier, Kanker ens. aanbetref het die dood reeds ingetree wat nog net moet manifesteer. Die soort siektes is hoog aangeskrewe in die geldmaak-proses, want die dood word aan die pasiënt beloof en die arme mens betaal hulle graag om so lank as moontlik te kan bly leef.

Ons lees in Mark. 5:25 tot 34: *25 En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het :26 en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, :27 het van ~~J\*sus~~ YAHUSHA gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleeed aangeraak; :28 want sy het gesê: As ek maar Sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. :29 En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was. :30 En dadelik toe ~~J\*sus~~ YAHUSHA in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het My klere aangeraak? :31 En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak? :32 Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het. :33 Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid. :34 En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.*

Ons lees ook in 2Kron. 16:12 *En in die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; maar selfs in sy siekte het hy die ~~HERE~~ VADER nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere. Hier is die verskil dat Asa nie soos die vrou gedoen het nie.*

Bo het ons gekyk na siektes wat die menseliggam op verskillende vlakke aanval. Party tydelik en ander weer meer permanent.

Die liggaam word elke oomblik van die dag geteister deur allerhande bakterieë, dodelike kieme, parasiete, kwaadaardige gewasse, rooi en witbloedsel siekte ens.

‘n Dodelike / bese mikrobies doen die meeste kwaad as hulle nie voor / tydens intrede deur die liggaam se beskermings / waarskuwing meganisme opgemerk word nie. Hulle dring gewoonlik die liggaamsweefsel ongehinderd binne en rig dan so skade aan dat die liggaam daardeur die dood in die oë staar ( *Vir die interessante is die liggaam se beskermers “wit” bloedliggaampies / “wit” bloedselle. Wit wat skoon en rein is veg vir die bestaan van die liggaam. Die wit selle is gewapen met ‘n rare gif waarmee hulle indringers dood*).

Nou kan ons begin vrae vra soos: maar hoekom en waarom word die liggaam so geteister? Waarom moet ons so baie geneesmiddels inneem tot bestaan? Waarom die vooraf behoed-middels om die liggaam te beskerm sodat dit reg kan funksioneer?

Soos ek genoem het, het die liggaam ‘n verkoue gekry en die verkoue het oorgegaan na ‘n dodelike virus waarvan die dokters nie meer iets kan doen om dood te keer nie. Wat gewoonlik volg op die woorde van ‘n dokter is: Ons kan niks meer doen vir die pasiënt nie, ons moet maar net bid vir hom. Hoor jy die antwoord uit hulle monde? Hoor die omgekeerde antwoord: (1) Gaan en koop geneesmiddels ‘aanbeveel deur die geneesher’. (2) Kom na die geneesher ‘sodat genesing kan intree’. (3) Gaan weg van die geneesher en bid vir die sieke! Klink dit nie snaaks nie? Moet ons nie van die begin van ‘n verkoue reeds daardie verkoue voor VADER “ons Geneesher” lê nie?

Net tot openbaring; Die weefsels, selle, hart, lewer, longe, niere ja die hele liggaam se organe lewe deur mikroskopiese-liggaampies se werkverrigting. Nou daardie liggaampies word aangeval deur nog kleiner as klein bese liggaampies. Stel jou nou voor dat ‘n goeie liggaampie so groot is as ‘n pen se punt op ‘n blad. Nou rondom daardie punt maak jy nou klomp speldepunte sodat die middelpunt omring is asof die middelpunt nie bestaan nie. Dus het die bese liggaampies oorgeneem en ‘n eenheid-liggaampie daar gestel tog is hulle 30 of meer rondom die gesonde liggaampie.

Wat nou interessant is dat daardie bese liggaampies vlees en geestelik oorgedra word aan die mens. Ek wil in aanhalings noem dat die bese liggaampies geestelik ontvang word en dan vleeslik manifesteer. Dit klink dalk snaaks, maar lees gerus die Skrifte dat genesing gewoonlik deur die geestelike manne gedoen was. Hulle het gewoonlik die sieke geseën / geolie / hande opgelê en oor hom gebid dan verdwyn die siekte van die sieke; Of moet ek sê die ‘bese’ uit die mens.

Bo in 2Kron. 16:12 staan ‘geneesher’ wat spook / gees of dokter beteken. Dus alle siektes wat die liggaam aangeval het, was geestelik gehanteer. In die ou tyd as melaatsheid of kwaai sieke die menseligaam teister was so ‘n persoon uit die laer verban tot en met die priester hom rein verklaar.

Ek gaan nou kortliks raak aan waar baie siektes vandaan kom. As ons na die Skrifte kyk sal ons opstel dat baie siektes oor die mens uitgespreek (*kan*) word, en so ook die teenoorgestelde. Deut.28 gee vir ons 'n duidelike waarskuwing van 'n gesonde lewe (*wat gehoorsaam moet word*) en so ook die teenoorgestelde.

*Ex. 4:6 En die ~~HERE~~ YAH het verder vir hom gesê: Steek tog jou hand in jou boesem. En hy het sy hand in sy boesem gesteek; en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu! Dus het melaatsheid uit geen ander bron ontstaan as uit woorde wat daar gespreek was nie.*

*Num 12:10 En toe die wolk van die tent af weggetrek het, kyk, toe was Mirjam melaats, soos sneeu. En Aäron het Mirjam aangekyk en—sy was melaats! Hier het ons weer dieselfde uitspraak waar siekte oor 'n persoon gespreek was.*

*Matt. 8:2 en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: ~~Here~~ Meester, as U wil, kan U my reinig. Mat 8:3 Daarop steek ~~J\*sus~~ YAHUSHA die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.* In die gelese vers lê 'n baie groot geheim; Die woord “wil” word hier gebruik wat ontsettend belangrik is. Die melaatse man het presies geweet watter woorde hy moet uiter om genees te kan word. Hy het geweet met wie hy te doen het en so ook geweet dat daar slegs Een is deur wie dit kan manifesteer. YAHUSHA aan die anderkant het nie eens vrae aan die man gestel of vergewing van oortredinge aangebied nie, want Hy het die man se verstand gelees om te sien dat die man weet hoe genesing werk en die opregtheid van die melaatse man.

*Matt. 10:8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.* Hier lees ons die geweldige krag van genesing deur woorde wat uitgespreek word waarvan 'n hedendaagse dokter nie kan doen nie.

*Mat 4:23 En ~~J\*sus~~ YAHUSHA het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.* Wat ons hieruit moet leer is dat ons Meester (*Ons wat siek is of met siekes te doen*) die siekes leer waaroor die genesing gaan. Hy het ons kom red uit die greep van Ha satan. Hy het ons kom leer hoe om te werk te gaan om die kwaal te kan genees

*Luk 7:21 En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bese geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk.* Hier lees ons weereens dieselfde lering wat vir die dissipels gegee was, en dit was om die aanvallende van die liggaam te illumineer.

Mense siektes hoort nie by die uitverkore volk van YAH nie! Dit behoort aan Ha satan en sy wesens nie by die uitverkore nie; Dit is heidens van aard waarvan die heiden mekaar kan genees of siek maak.

## 6.

Lees gerus van Bileam in Num.28 waar hy die volk moes vervloek en dit nie mag doen nie. Lees gerus waar die volk bese swere ontvang in Deut.28:35 of Job. 2:7.

Ek kom nou by die punt waar die siekte (1) geïdentifiseer, (2) afgesonder en (3) geïllumineer moet word. (1=) Van 'n verkoue tot op kroniese vlak weet dat dit nie in die liggaam hoort nie. Dit breek die immuun-sisteem af met die doel dat dood moet intree; Dit gee ook deur dat jy permanent op pille en medisyne moet bly om sodanig gesond te kan bly (*om langer te kan bly leef*). (2=) Na die siek geïdentifiseer (*kanker*) is moet dit geopenbaar of sigbaar gestel word sodat dit afgesonder kan word. (3=) Noudat dit bekend is kan daarvoor gebid word en vra dat VADER jou in guns kan aansien sodat HY jou kan genees. Ek wil ook noem dat al die boonste stappe gedoen moet word in die geval waar daar 'n spel / toordery oor die mens gespreek was.

Hier is 'n vergelyking wat waardevolle inligting op die hele scenario sal werp. Koos (*Piet of Klaas*) 'n man wat graag bid vir mense tot gesond-wording gaan na Jan om vir hom te bid tot gesond-wording. Jan het gehoor dat Koos al 'n paar mense gesond gebid het en dus 'n begeerte het dat Koos vir hom moet kom bid. Met die ontmoeting doen Koos sy ritmes tot voorbereiding om vir Jan te bid. Koos bid en Jan voel ewe-skielik baie goed asof daar 'n wonder-werk in hom plaas gevind het. Jan gaan 'n dag of wat daarna na die dokter waarvan die dokter die 'wonder' werk bestudeer en bevind dat Jan werklik genees is. Nou hoe gedaan? Jan het vir Koos bedank en genoem dat hy Koos sal aanbeveel dat hy vir enigeen kan bid tot genesing, want hy is die lewende bewys daarvan.

Is dit so? "Nee" hier is die antwoord en hoe dit werk nl.:

Jan sit met 'n lewensgevaarlike siekte of met 'n spel op hom wat hom die dood in aanskouing bring. Jan het 'n begeerte in sy hart om genees te word weens die feit dat niemand hom meer kan help nie. Jan weet ook uit die Skrifte dat die geestelike manne die siekes gesond gebid het en daarom dat hy vir Koos gevra het dat daar vir hom gebid moes word. Wetend was Koos net 'n volgende mens, tog die bewyse rondom Koos en genesing. Met vas vertrou en geloof staan hy voor Koos om genesing te ontvang (*Dit is soos 'n kleintjie wat sy hand uitsteek om 'n lekkertjie te ontvang*). Met verblyding het hy dit toe ook ontvang.

Die antwoord tot genesing lê nie by Koos nie mense, maar by Jan self. Koos kon gebid het in die naam van Buda / Krisna / Baal / J\*sus of wie ook al en genesing kon ingetree het. As dit J\*sus was het Jan, Koos bedank dat sy J\*sus (god) hom gesond gemaak het 'wat nie so is nie'. Hetsy watter god Koos gebruik in sy gebed tot gesond wording is in der waarheid relevant. Die woorde vloei uit Koos se mond tot gebruik of misbruik om Jan in ekstase te kry dat hy gesond kan word.

Mense dit gaan oor “wilskrag”. Dit gaan oor die “eie-wil” wat elkeen besit wat oorgegee moet word sodat genesing kan intree. Dit is soos wanneer hipnose toegepas word. As jy toegee dat die hipnotis jou kan hipnotiseer dan werk hy in jou verstand se geheue (*baie gevaarlik om toe te laat dat ‘n hipnotis in jou te werk asof dit jy self is*). Ek moet noem dat jy ‘n deur oopmaak sodat die hipnotis kan inkom en oorvat in jou verstand (*Dit is demonies van aard*). Jy laat toe dat goed in jou kan intrek en die liggaam manipuleer op die ou end (*Ha satan is ‘n kenner in die gebied*). Ha satan wil in jou innerlike kom sodat hy jou daarvandaan kan manipuleer.

Nou wil ek noem dat die werke wat ‘n hipnotis in jou doen kan jy as heer en meester van jou eie liggaam dit beter doen as hy. Neem bevel en gee bevel dat siekte nie joune is nie en verjaag dit uit jou liggaam. Noem die kwaal op die naam en beveel dit om te wyk. Soos ek dit al genoem het dat jy die siek nie joune moet maak nie, maar identifiseer dit / sonder dit af en gee dit bevel om die liggaam te verlaat soos dit in die Skrif staan: *Matt. 17:15-18* ~~Here~~, Meester ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. :16 En ek het hom na U dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. :17 Toe antwoord ~~J\*sus~~ YAHUSHA en sê: o Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My. :18 Daarop bestraf ~~J\*sus~~ YAHUSHA hom; en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af. Hoor julle die boodskap? Dit kan ‘n dissipel (Koos, Piet of Klaas) of YAHUSHA self wees wat die woorde uitspreek om die sieke by te staan tot hulp. In die geval van die “maansiek / vallende siekte kind” het YAHUSHA nie die dissipel uitgetrap nie, maar die kleingeloof van die sieke. Geen siek / siekte kan YAHUSHA oor die hoof sien nie. Toe die dissipel vir die man gebid het was daar nie geloof aan die sieke se kant nie en dus het die siekte die oorhand behou. Lees gerus in die Skrifte dat telkemaal as daar genesing toetree tot die sieke dan is hy soos die omstanders verbaas weens hulle ongeloof. Toe YAHUSHA met ‘n soldaat te doen gehad het was YAHUSHA weer verbaas in die geloof van die soldaat. Ek haal aan: *Matt. 8:5-8,13..’n hoofman oor honderd na Hom toe en smee Hom :6 en sê: ~~Here~~ Meester, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyn. :7 Daarop sê ~~J\*sus~~ YAHUSHA vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak. :8 En die hoofman oor honderd antwoord en sê: ~~Here~~ Meester, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net ‘n woord, en my kneg sal gesond word. :13 Toe sê ~~J\*sus~~ YAHUSHA vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur.*

*Matt. 15:28* Toe antwoord ~~J\*sus~~ YAHUSHA en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af. Lees julle soos dit daar vir ons deur gegee word? Die sieke moet kan “glo” (met versekering en vaste vertrouwe) en sy “wil” oorgee aan YAHUSHA sodat gesond wording kan intree.

Toe YAHUSHA 'n draai hier op aarde kom maak het, het Hy net met 'n klomp ongelowiges (*bygelowiges*) gewerk. Dus was die genesing van die volk eensydig tot en met YAHUSHA deurgedring het tot die volk se verstand in: *Matt. 4:24 En die gerug aangaande Hom is versprei oor die hele Sírië; en hulle het na Hom gebring almal wat ongesteld was, wat gekwel was deur allerhande siektes en pyn en wat van duiwels besete was, en maansiektes en verlamdes; en Hy het hulle gesond gemaak.* Daarna met 'n bietjie kennis aan die volk se kant Lees ons in: *Hand. 3:16 En deur die geloof in Sy Naam het Sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal.*

Ek haal net Filippus aan: *Hand. 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God VADER en die Naam van J<sup>\*sus</sup> Christus YAHUSHA dié Nasaréner verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.* Hier het ons die stereotiepe probleme / behoeftes van die volk. Hulle wou net hê dat die Apostels hulle gesond moet maak soos YAHUSHA dit gedoen het, maar Filippus het eers soos YAHUSHA hulle die geestelike lering van genesing geleer en daarna die geskenk van die genesing wat YAHUSHA daar gestel het.

Hoe die genesing nou intree het ons redelik die Skrifte aangehaal en so ook uitgewys wat die heiden of christen doen om genesing te ontvang. Ons het dit altyd aan hulle ontsettende geloof versekerdheid toegeskryf of selfs hulle god, maar dit is nie waar nie.

Ek haal dit weereens aan dat genesing by die indiwidu lê. Genesing lê in die sieke self. Geen dank aan Koos of sy god nie, maar te danke aan die Skepper wat die liggaam daar gestel het. Alles wat die oog aanskou op aarde, van dier tot die mens is deur YAH geskep of geskape. Elke keer wanneer YAH iets klaar geskep het, het YAH gesê "Dit is goed". Die liggaam van die mens bv. is so ontsettend fyn geskape dat hy duisende jare kon leef. Weens ongehoorsaamheid het dood (*kieme / bakterie / parasiete / kwaadaardige gewasse / rooi en witbloedsel siekte ens*) ingetree en die liggaam se lewe beperk van moontlike duisende jare tot op 80 jaar tans Ps.90:10.

Ons liggaam word van geboorte af getakel deur geelsug en allerhande blootstelling van afbreking. Die nuwe (baba) liggaam het baie veg in hom tot bestaan tog die afbreking rondom hom. Wat baie nie van weet is die (*tower*) spelle wat mense op mekaar plaas. Daar word van geboorte tot wanneer ook al in die mens se bestaan allerhande spelle oor hom of haar toegedien. Die meeste spelle is nie bedoelend nie, maar tog uitgespreek oor die mens tot afbreking.



Hier is 'n voorbeeld oor siektes en kwale wat ons so maklik oor ons kinders en andere spreek:

Die arme siel hy sal nooit die pyp haal nie;

Die pa is 'n diabeet en bly sy "siek" oor sy kinders spreek ;

Die ouers sê dat sy kind nooit 'n sukses in sy lewe sal behaal nie;

Die kind het nie besigheidvernuf in hom nie;

Hy is 'n sukkelaar en sal nooit daaruit kom nie;

Die oorerflike hartkwaal, nier probleem, ens. ag ons kan niks daaraan doen nie, want dit is nou al soveel jare in ons familie!

Ja as jy oor vyftig gaan, gaan dit en dat met jou gebeur wat werklik kan manifesteer! As ons kwaad word vir mekaar spreek ons baie maklik goed uit wat werklik met jou mede broer kan gebeur.

Die uitspraak gebeur dalk nie dadelik nie, maar manifesteer oor 'n tydperk oor die man!

Dan kry jy die werklike towerspel wat uitgespreek word oor die volgende broer wat skrikwekkend is. Gevaarlik en kragtig is die tong van die mens, want daardeur kom die lewe (*so ook die dood*) na vore.

Ek gaan nou oor na die proses om te verstaan waaroor die genesing gaan, en hoe ons te werk moet gaan:

Die liggaam is stoflik (*daarom leef Ha satan van die stof van die Aarde*) en is 'n tydelike tentwoning op aarde. Die liggaam het 'n siel en 'n gees wat in hom woon. Die liggaam is tydelik van aard waarvan die siel ewiglik is. Die gees behoort aan die VADER en is dus die same binder van die eenheid van die mens. Haal die liggaam nie asem nie sterf hy en die siel gaan die liggaam verlaat en sal oorgaan na die wag periode. Die liggaam kan sonder die siel bly lewe (*baie skeppings van YAH het nie 'n siel in hulle nie tog lewe hulle*) maar nie sonder asem nie. Die liggaam is so perfek geskape dat hy 100% self genesend is. Kry hy 'n wond dan genees die liggaam homself. Kry hy siektes genees hy dit. Wanneer die wond of siekte te groot is tot onmiddellike genesing gaan die mens gewoonlik na geneeshere om so 'n bietjie bystand te gee. Die siel is nie die liggaam nie. Die siel woon in der waarheid nie eens in die liggaam nie, maar wel in die bloed wat in die are van die liggaam vloei. Die liggaam is deur YAH aanmekaar geweef deur vaste stowwe in 'n eenheid. *Job 10:11 Met vel en vlees het U my bekleed, en met beendere en senings het U my deurveg. Eseg. 37:6 En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die ~~HERE~~ VADER is.*

Nou weet ons dat die liggaam 'n aparte wese is en in besit is van Gees en siel. *Ps. 42:12 Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God Skepper, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God Skepper!* Duidelik lees ons dat die liggaam die siel erken en met hom kan kommunikeer (*daardie klein stemmetjie binne jou*).

Hetsy die siel of die liggaam beïnvloed mekaar. Die een waarsku die ander tot behoud en 'n beter lewe op aarde.

Ek het 'n man ontmoet wat baie belang gestel het oor die eenheid van die mens, en so ook sy verbinding met sy Skepper. Hy het altyd genoem dat die siel en die Gees moet verbind met mekaar, maar kon dit nie verstaan of deurgewerk kry nie.

Net in kort; Hetsy die Gees of siel kom van VADER en dit is verbind aan die ewige. As die liggaam doodgaan verlaat beide die Gees en die siel die liggaam. *Ps. 146:4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy (YAH se) aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Pred. 12:7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God VADER terugkeer wat dit gegee het. En die siel: Luk. 12:19 En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Job. 14:22 Net sy vlees aan hom voel pyn, en sy siel in hom treur.*

Noudat ons lees dat die siel en Gees ewiglik is moet ons dit erken in die aardse tentwoning. Omrede ons 'n eenheid skepping van YAH is moet ons siel en Gees 'n eenwording proses deurgaans in daardie eenheid woning; *Hand. 4:32 En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, ... Matt. 22:37 En J<sup>\*sus</sup> YAHUSHA antwoord hom: Jy moet die Here Meester jou God Skepper liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Mark. 12:30 en jy moet die Here Meester jou God Skepper liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. Deut. 10:12 En nou, Israel Yashar'EL, wat eis die HERE YAH jou God Skepper van jou as net om die HERE YAH jou God Skepper te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE YAH jou God Skepper te dien met jou hele hart en met jou hele siel, Hoor julle die boodskap? Die krag lê in die hart, siel en verstand wat eenheid verstaan. Die siel wat woon in die bloed van die liggaam vloei vrylik deur die hart en die verstand van die liggaam. Die bloed wat die voertuig van die siel is, is die een wat siek kan word. As die bloed siek word, word die siel onderdruk geplaas (*Ek wil amper met 'n tong in die kies noem dat daar voordeel lê in die onderdrukking, want nou kom die besef deur dat die tydelike belangrik is, want daardeur kom die ewige in aanskouing*). As ons praat van 'n vleeslike-siek (Kanker) beteken dit dat vlees getakel word soos die siel. Party aanvalle is oppervlakkig en ander weer interne. As dit chronies (Kanker) is, is daardie gedeelte dood of dood is besig om te manifesteer. Dood word dan relevant tog die besef dat die mense en dinge rondom jou meer waardevoller is as ooit. In Mark. 10:51 staan: *En J<sup>\*sus</sup> YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? .... In Joh. 5:6 staan: Toe J<sup>\*sus</sup> YAHUSHA hom sien lê vra Hy,...: Wil jy gesond word? Dus met die vrae moet ons antwoord tog "ja" wees sodat gesond word kan intree en dat die dood moet wyk.**

Mense ons genesing lê in ons innerlike. Moet asb. nie die heiden vir jou laat bid nie (*jy gaan 'n tydelike genesing wel ontvang maar 'newiglike verdoemenis beleef*). Laat jou naaste wat deel uitmaak van die 12 seuns van Jakob / *Yashar'EL* vir jou bid. Met geloof moet jy al die siektes en kwale van jou af verwerp.

Ek wil die gebed aanhaal uit die Skrif, maar wil eers klem lê op die “ons” wat telkemale aangehaal word sodat daar meer openbaring in die gebed vir “ons” kan wees.

Telkemaal het ek bo uitgewys dat die liggaam 'n siel en Gees in besit het, en dus weet jy op hierdie stadium dat die liggaam 'n eenheid van drie wesens is. Een die liggaam; Twee die Gees; Drie die siel. M.a.w. as drie persone bymekaar kom in 'n vergadering sien hulle hulself as 'n eenheid wat ooreen moet kom oor sekere besluite. Hulle sien hulself as 'n “ons” in daardie besluite (*Koos, Piet en Klaas is 'n eenheid van drie wesens daarom 'n “ons”*). Jy as 'n wese “soos bo genoem” gaan dood tog is dit: (1) Net die liggaam wat terug gaan na die stof van die aarde; (2) Die Gees terug na VADER; (3) Die siel gaan na die wagkamer. Hoor julle die eenheid? In aanhalings is ek nou 'n “ons” tog is ek net 'n wese. As jy dit wat ek probeer deur gee besef gaan die Onse VADER 'n “My VADER” gebed meer sin maak. Ek noem altyd dat elke Skrif-gedeelte meer as een boodskap het en daarom gee ek die interpretasies uit die Skrifte. Hier is die model gebed:

*Matt. 6:9-13 Só moet julle dan bid: My VADER wat in die hemele is, laat U Naam ~~geheilig~~ afgesonder word; :10 laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; :11 gee ons vandag ons daaglikse brood; :12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; :13 laat nie toe dat ons versoek word nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid tot in ewigheid. Amen Ameen.*

Soos genoem lees nou die gebed waar 'n “ons” in is as 'n “jy” in 'n eenheid. Jy staan dalk tussen 'n klomp heidene of is die veld alleen en doen die model gebed tot VADER; Jy staan inderwaarheid alleen en tog spreek jy uit “onse”; Die “onse” wat Gees, siel en vlees is! Wanneer die siel (*binne die mens*) besef dat dit nie alles so seer oor hom gaan nie kom die Gees na vore en die siel buig hom voor Hom neer. *Ps. 42:6 Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op ~~God~~ Skepper; want ek sal Hom nog loof—die verlossing van sy aangesig!* Hoop op VADER, want YAHUSHA sal vir jou as Redder of Geneesheer intree!

Ek sluit met 'n voorstel wat jy as behoeftige kan doen tot genesing: Voor enige gebed tot genesing sonder jouself eers af voor VADER en toon jou opregtheid in begeerte tot genesing (*oor jou of 'n volgende persoon*).

Bind alle bese-geeste en beveel hulle om die area te verlaat en dat hulle nie welkom is nie; Smeek VADER om die gebede te verhoor; Besef dat die liggaam / omstandigheid aan YAH behoort; Vra of hy of haar genees “wil” word; Olie die behoeftige; Spreek ‘n seën uit oor die liggaam; Identifiseer die siek /kwaal of probleem; Gaan oor tot gebed vir hom of haar; Bid met “versekering” in jou geloof dat genesing sal toetree; Spreek die wetend en onwetende spelle oor hom of haar vry in die Naam “YAHUSHA”

Bind alle bese-geeste en beveel hulle om die area te verlaat en dat hulle nie welkom is nie. Met die outoriteit wat ons by YAHUSHA ontvang het beveel ons dat al die bese-geeste wat die mens aanval die area moet verlaat en nie welkom is in Sy vergadering nie.

Doen die binding en uitwerping as volg:

In die Naam van YAHUSHA dié Seun van VADER bind en verwerp ons alle geeste van: Afgode; Afgestorwene; Afbreking; Benoudheid; Boosheid; Bedrog; Dwaal; Dowe; Ergernis; Gode; Ha satan; Hoerery; Luiheid; Lafhartigheid; Lastering; Liefdeloos; Jaloesie; Kwaadspreker; Krankheid; Moeë; Onrus; Onreine; Onwysheid; Ongeregtigheid; Onwillige; Onvaste; Onbetroubaar; Onwaarheid; Ongelowige; Slegte; Skinder; Siekte; Slaap; Stom; Trotse; Towy; Valsheid; Verhardheid; Verbitterdheid; Vreesagtigheid; Verwardheid; Verbreking; Verleiding; Vernedering; Waarsê; Wederstrewig; Verwoesting; Wellus en Waansin. So spreek ons dit ook uit oor die onuitgespreekte gees van die bese wat nie in ons vergadering hoort nie.

Met begeerte bid en vra ons U “o” VADER dat U Gees ‘oor en in ons’ sal kom soos U dit uitgespreek het toe U, U Seun “ons Koning” geseën het nl.: *Jes. 11:2 ... op Hom sal die Gees van ~~die HERE~~ VADER rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van ~~die HERE~~ VADER.*

Nogtans nie ons wil nie ‘o’ VADER, maar U wil.

HalleluYAH

Ns.: Mag die leser opreg wees en bid om werklik te ontvang. Mag VADER jou gebed verhoor en aan jou versoek toelating skenk. Mag VADER jou vrymaking en seën skenk my vriend en vriendin.